

PUKKE!
vir al u kleurbaadjies

**Johan Claassen
Broers**
(EDMS.) BPK.

Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Kerkstraat 92
Tak: Tomstraat 100

die

WAPAD

Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

In u lig sien ons die lig.

JAARGANG XXVII

DINSdag 5 SEPTEMBER 1972

Nr. 11

**CACHET
APTEEK**


Groot genoeg om u te bedien
Klein genoeg om u te ken.

★
**DIE
STUDENTE-APTEEK**

S.R.-verkiesing:

REKORDGETAL GENOMINEER


'N **REKORDGETAL** van vier-en-vyftig kandidate is vir die komende S.R.-verkiesing genomineer. Daar is vanjaar vyf kandidate vir S.R.-voorsitter, wat as 'n baie groot getal beskou word. Hulle is Kobus Kotze, Nico Ligthelm, Fika van Rensburg, Leo van Schaik en Jacques Verster. Die verkiesing vind op Woensdag 6 September vanaf 8 vm. tot 7 nm. in die Totiussaal plaas. Die uitslag sal Woensdagaand 10.15 nm. op 'n massavergadering in die Totiussaal bekend gemaak word.



(Fotokuns)



(Fotokuns)



(Fotokuns)



(Fotokuns)



(Fotokuns)

Kobus Kotze

1968 B.A. (Honns.) U.O.D.

1969: S.W.A.-Vereniging (Add. lid.). Geskiedenis Vereniging (Add. lid.).

1970: S.W.A. - Vereniging (Voors.). Geskiedenis Vereniging (Voors.). Karnavalkomitee A.O.B. Huiskomiteelid Dawie du Plessis-suid.

1971: Primarius Dawie du Plessis — suid. S.R.-verteenwoordiger S.A.B.

(Vervolg op bls. 4.)

Nico Ligthelm

1968 B.A. (Honns.).

1969: A.O.B.-Spelekomitee.

1970: Besembes Redaksie, Goue Kandelaar Redaksie, Fotografiese Vereniging (sekr.).

1971: Studenteraad — A.O.B., A.O.B. - Hoofbestuur (sekr.), A.B.K.K. - Hoofbestuur, Karnavalkomitee (O/Voors), Fotografiese Vereniging (sekr.), Pukkies Redaksie, Wapad Redaksie, Besembes Redaksie, A.

(Vervolg op bls. 4.)

Fika van Rensburg

B.A. 111

1970: onder 20 Rugby.

1971: Bestuur, K.V.V.

1972: Studenteraadsverteenvoerder, K.V.V. Afvaardiging na Studenteraadskonferensie, Stellenbosch, Huiskomitee, Die Skuur.

Dit is my diepste oortuiging dat dit hoog tyd geword het dat daar aan hierdie Universiteit 'n

(Vervolg op bls. 4.)

Leo van Schaik

Th.B. II — 1967

1968: Sentrale Karnaval komitee Waarnemer A.S.B.-kongres

1969: A.B.K.K. - hoofbestuur Sentrale Karnaval Komitee

1970: A.B.K.K. - hoofbestuur

(Vervolg op bls. 4.)

Jacques Verster

LL.B. II — 1968

1968: Gimnastiek W.-Tvl. kleure

1969: Gimnastiek — bestuur

1970: Gimnastiek — bestuur Wapad Redaksie S.S.B. hoofbestuur

(Vervolg op bls. 4.)

S.R. sê dankie

WIE sou dit ooit kon dink dat nog 'n Studenteraadstermyn iets van die verlede is. En 'n mens huiwer om daaraan te dink dat nog 'n jaar ook feitlik verby is. Dit is nog net 'n maand se klasse, die akademie, en dan is die sorgelose somervakansie hier.

Dan is die eerstejaars hans tweedejaars, tokkolokke word predikante, ag ja, sommer al die finalejaar-studente betree as gevormde mense en as geskoolde akademici die beroepslewe. Vader tyd staan nie stil nie. 'n Mens vra onbewus vir jou af of hy dan nooit moeg word nie, indien 'n mens die lang pad sien waarop hy al eeue onverpoosd voortbeweeg, Die termyn 1971/72 was 'n termyn wat gekenmerk is deur woelinge op studentevlak. Vir die eerste keer het studenteproteste onrusbarende afmetings aangeneem. Studenterade het ontbind en opstand teen hoër gesag was aan die orde van die dag. Dit is met dankbaarheid dat ons almal kan terugkyk op 'n kalm termyn op die Puk-kampus. En tog is ons nie studente wat maar ja en amen op alles sê nie. Nee, dit was nog altyd die kenmerk van die Puk-student dat hy dinge en gebeure vanuit sy grondslag krities beskou. Maar ons kritiek bestaan uit 'n duidelike alternatief en naas die kritiek besit ons ook 'n waarderende oog vir die goeie.

Intern het die Studenteraad



Mnr. Kobus van der Walt.
(Fotokuns)

Bo alles gaan ons dank uit aan God vir die krag, wysheid en seën so onverdiend ontvang. Aan Hom alle eer.

KOBUS VAN DER WALT.

Stemprosedure

- Stemreg:
 - U kan met behulp van die stemreglyste op u koshuiskennisgewingborde vasstel of u stemreg het.
 - Indien u stemreg het onder een van die ses Hoofbesture van die Studenteraad, dan mag u stem vir die kandidate van die Hoofbestuur en die S.R. kandidate van daardie Hoofbestuur.
 - Indien u stemreg besit onder die kolomme massa en komitees van die Studenteraad, dan mag u stem vir die Studenteraadsvoorsitter en die Hoofbestuurs- en S.R. kandidate van die A.O.B.
 - Indien u stemreg besit vir ten minste EEN van die volgende Hoofbesture nl. S.S.B., S.A.B., K.V.V., A.B.K.K., P.N.B., dan mag u gevolglik ook stem vir die Studenteraadsvoorsitter en vir die kandidate van die A.O.B.
- Hoe stem u?
 - U rapporteer in die Totiussaal by die stemregkontrolepunt waar u stemregkontrolekaart aan u uitgereik sal word. Op die kontrolekaart sal u stemreg aangedui wees. Met behulp van die kontrolekaart sal stembriefies by die onderskeie stembusse aan u uitgereik word.
 - Volledige besonderhede sal bo aan elke stembriefie verskyn oor hoe daar gestem moet word. Onthou net dat u geen kruisie op die stembriefie moet maak nie, maar dat u u keusevolgorde in nommers aandui. Bv. indien daar uit 10 kandidate 4 persone gekies moet word, dan nommer u 4 nommer 1's, en daarna van 5 tot 10.
- Waar?

Op Woensdag 6 September 1972, vanaf 8.00 vm. tot 7.00 nm. in die Totius-gedenksaal. Die uitslag word nog dieselfde aand om 10.15 nm. tydens 'n massavergadering in die Totiussaal bekendgemaak.



BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN

★ BOUTIQUE
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KUNSHAARSTUKKE

**AFLEWERING ORAL
OP DIE KAMPUS**

Tomstraat 89b en c.
Foon 5943, 3377

STUDENTE APTEEK

Dis Lente-tyd



(Fotokuns)

Lente loer vir ons om die draai . . . die bome begin al te bot en siedaar dis net blommegies, blaartjies, blokkies en dies meer wat die fraaiste lenterokkies versier!

Die lentestofmateriaal vir hierdie jaar is lig en koel—spesiaal vir daardie amper onuithoudbare warm dae! Die patrone is vroulik en eenvoudig van snit en baie vleierend. En net om dit alles af te rond, is die platvorm-sandale nou hoogs in die mode!

Jy Meisie

Dit bly maar 'n waagstuk vir 'n man om oor dames vir dames te skryf. Beide omdat die vrou met haar wispelturige, eiesoortige belewingswêreld 'n moeilike studie-objek is, en omdat ek as lid van die manlike geslag deel het aan 'n onuitgesproke kode onder die manlike garde om nooit die beeld van die man as die jagter, die kenner, die sjarmante sleper, die oorwinnaar, die standvastige en die fisies sterkere, skade aan te doen nie.

Hierdie kode kom veral tot openbaring wanneer die manlike geslag homself bedreig voel met die getalsmeerdere vroulike geslag, soos bv. wanneer daar vir leiers in 'n gemeenskap gekies word. Dan staan ons manne saam en 'n mens neem 'n verbroekelde eenheidsgevoel onder die vrou waar. Waarom?

Jaarliks sien ons dit gebeur in ons eie studentelewe met die Studenteraadsverkiezing. Na my mening is dit tog 'n positiewe openbaring van 'n skeppingsordonnansie nl. dat die vrou onder die leiding van die man gestel is, en dat die vrou haar roeping en terrein as die versorgende, liefdevolle vrou ken. Die vrou kan geen gesagsfiguur op die algemene lewensterrein wees nie, maar slegs op haar terrein wat die man op sy beurt weer moet respekteer. Hier is gesag en liefde dan sinoniem. Dit is verder 'n bewys dat die Puk-dames nog vertroue besit in die leiding van die man.

Dit is geensins my doel met hierdie skrywe om u as dames te mobiliseer om met die komende verkiezing net vir dames te stem nie. Die verkiezing mag nooit ont-aard in 'n wedywering tussen man en vrou nie. Soos reeds gepoog om te verduidelik is die huidige status quo die resultaat van die natuurlike verloop van sake. Die afgelope termyn was daar slegs mans op die Studenteraad en ek moet eerlik bely dat dit vir my 'n aangename voorreg was om so 'n klomp mans voor te sit. Daar het 'n aangename ruwe, manlike gees in die Studenteraad geheers, maar so nou en dan het ons verlang na die fynere atmosfeer wat vroulike teenwoordigheid sou meebring.

Afgesien van wat ek hier bo kwyt geraak het, glo ek tog dat daar 'n dame of twee, of selfs meer op die Studenteraad moet wees. Die Studenteraad het egter geen gereserveerde portefeulje vir 'n dame op die Studenteraad nie, want dit sou 'n mosie van wantroue in die bekwaamheid van die vroueslag gewees het. Net soos die mans moet enige dame haar ook opwerk na die Studenteraad.

Samevattend dus dames, kies verantwoordelik na deeglike oorweging. Dit is noodwendig so dat daar 'n meerderheid mans op die Studenteraad moet wees, maar stem ook vir bekwame dames, afgesien in watter koshuis die dameskandidaat is.

Ten slotte wil ek namens die Studenteraad al die Puk-asters bedank vir u bydrae vanjaar in die studentelewe, en ook namens al die mans dat u so mooi in gedrag en voorkoms hierdie termyn vertoon het. Die afgelope intervarsity met u fietse damesbaadjies is 'n voorbeeld hiervan. Ai, en nou is die lente hier.

Kobus van der Walt.

Dat ASTER die afgelope jaar floreer het, is alleenlik te danke aan die dames wat meegewerk het aan die sukses daarvan. Op die foto verskyn Esther Rumpff, Ronél Schönfeldt en Petro Harmse wat die tweede semester op die redaksie van ASTER gedien het. Daar word ook dank betuig aan die dames wat die eerste semester meegewerk het tot die sukses van ASTER.

ASTER

DEUR JESSICA

NUUS-ASTER



(Fotokuns)

Ons Nuus-aster vir die week is Adrien Hoogenboezem, primaria van Oosterhof.

Adrien is 'n vierdejaar B.Mus-student. Sy het ook al in Alabama opgetree.

Adrien sleep ook vas, en die gelukkige ou is Philip Hellemand.

BESTAANSREG



(Fotokuns)

CACHET MODES DIE DAMESWINKEL

bied u

SOMERMODES

wintermodes

ONDERKLERE

broekkouse

TOMSTRA 92

Aster het so pas haar proeftydperk van een jaar voltooi en sal volgende jaar as amptelike mondstuk van die Damesstudente dien.

AKTUEEL: Aster was nie altyd baie aktueel nie, alhoewel ons ruim geleentheid gebied het aan elke dame om haar sê te sê. Die standpunt was dalk daar, maar die dame was nie daar. Ons hoop egter dat wat ons wel aangebied het interessante leesstof aan albei partye (mans en dames) verskaf het.

SKAKELING: Skakeling met ander damesredaksies is beplan.

NUUSBUSSES: Nuusbusses is in die lewe geroep in elke dameskoshuis — dit sal later uitbrei na die manskoshuise. Die doel daarvan is om aan elke student die geleentheid te gee om haar standpunt, klagtes ens. in briefvorm daarin te plaas. Ons hoop dat dit meer bereikbaar sal wees as die Wapadbussie by die S.R.-kantoor. Elke student wat in die stryd staan om die behoudenis van ons Christelike beginsels, Afrikanerskap, skakeling na buite en interne aangeleenthede kan met vrug gebruik maak van hierdie massamedia. Die Rapport is nou wel nie so bereikbaar vir almal nie, maar Aster is wel!

WOMEN'S LIBERATION: Ons distansieer ons ten sterkste van die Women's lib en ons wil ook

geen apartheid op die kampus bewerkstellig nie. Maar dat Aster bestaansreg het kan nie betwis word nie, omdat die dames tans in getalle op die Puk oortref. Gelukkig het ons dames geëmanipeer en kan ons ons plek oral volstaan. Let Wel: ek sê ons plek en nie die plek van die man nie. Maar omdat die demokrasie hier egter 'n verouderde stelsel is, is

daar net mans op die studenteraad.

REDAKSIE: Graag sê ek baie dankie aan ons sub-redaktrise Ronél Schönfeldt wat met groot inisiatief aan Aster gewerk het. Baie dankie ook aan die dames wat die eerste en tweede semester hul bydrae op die redaksie gelewer het.

— Jessica Knoetze (Redaktrise)

die WAPAD

VERKIESING:

Die maand September is nie net die kenmerkende maand van bottende bome en bloeiselgeur nie, maar ook die maand van glimlagte, knikkende hoofde en komplimentêre sigarette. Op Woensdag 6 September 1972, vind die jaarlikse Studenteraadsverkieping en die verkiesing van die ses Hoofbesture van die Studenteraad plaas.

In 'n onderhoud met *Die Wapad* het die verkiesingskomitee onder die leiding van mnr. Koos Kruger gesê dat die reëlings vir die verkiesing fluks vorder. Vanjaar se verkiesing vind plaas met behulp van die nuwe stemreg-kontrolekaarte wat heelwat voordele inhou. Vir die eerste keer sal die presiese stemregrepresentasie bereken kan word, waar dit in die verlede bemoeilik is deur gedifferensiëerde stemreglyste.

Volgens die kontrolekaarte het 80% en meer van die Pukke vanjaar stemreg vir ten minste twee van die Hoofbesture. Daardeur dus ook vir die Studenteraadsvoorsitter. Die Hoofbesture wat die grootste stemreglyst het, is die S.A.B., S.S.B. en K.V.V. Met die ter perse gaan van *Die Wapad* was dit ongelukkig nog nie bekend gewees hoeveel kandidate gaan staan nie.

Die verkiesing vind vanjaar weereens in die Totius-Gedenksaal plaas tot 6.00 nm., waarna die stembusse na die kafeteria sal verskuif. Hierdie reëling moet noodwendig getref word weens 'n opvoering wat dieselfde aand in die studentesaal plaasvind. Die stembusse open om 8.00 vm. en sluit om 7.00 nm. op Woensdag 6 September. Volgens die verkiesingskomitee sal die uitslag van die verkiesing nog dieselfde aand tydens 'n massavergadering om 10.15 nm. in die Totiusaal bekendgemaak word. Onmiddellik na afloop van die massavergadering sal die nuut-verkose Studenteraad gekonstitueer word deur die verkiesingsbeampies, mnr. Kobus van der Walt.

KOBUS VAN DER WALT

SPORTMANSGEES

In alle sportsoorte bestaan daar tussen deelnemers 'n ongeskrewe erekode — sportmangees. Dit hou in dat die deelnemers hulle uiterste bes probeer om reg aan die sportsoort te laat geskied en dit gaan hoofsaaklik om die beoefening van die sportsoort en nie om ander bymotiewe nie.

Is dit nou sportmangees as 'n toeskouer 'n deelnemer met 'n klip gooi? Gaan dit om die beoefening van die sportsoort as toeskouers op 'n speler toesak en hom op die rugbyveld met die vuist toetask? Of is dit sportmangees as 'n deelnemer ná die wedstryd sy opponent wil gaan gelukwens en dan deur daardie opponent met die vuist onderstebo geslaan word?

Die Theos moet gelukkig word met hulle sportmangees wat hulle verlede Saterdag aan die dag gelê het. Selfs toe dit duidelik was dat hulle die onderspit gaan delf, het hulle nie die hoofdoel uit die oog verloor nie, naamlik dat hulle daar is om rugby te speel. As 'n mens kans sien om soos 'n man te verloor, dan het jy sportmangees. Dat hulle soos een man bymekaar gestaan het in moeilike omstandighede, is verder 'n bewys van sportmangees.

Ook die Puk-massa verdien 'n woord van gelukwens omrede hulle goeie gees wat hulle tot die einde van die wedstryd gehandhaaf het. Om jou span nog steeds aan te moedig selfs al is dit duidelik dat daardie span aan die verloorant is, verkies sportmangees. Die toejuiging wat die Theos van die Puk-massa ontvang het toe hulle van die veld afgekom het, toon duidelik aan dat ons Pukke nie net mooiweersvriende is nie.

Sportmangees hou verder in dat persone wat uitgenooi word na 'n wedstryd, nie met beledigings ontvang word nie. Daar is 'n duidelike verskil tussen loyaliteit aan jou kampus en die belediging van ander persone om sogenaamde 'lojaliteit' te bewys. Dit kan nie anders as aangemerkt te word as swak maniere nie as 'n gasheer sy gaste met die intrapslag beledig nie. O ja, Pukke, onthou tog maar om nie weer van Ukovs of Kovsies te praat nie, maar van Uovs en Ovsies. Hulle het glo 22 jaar gelede al die status van 'n universiteit gekry. Sou 'n mens dit uit hulle gedrag kan aflei?

Pukke, laat ons in die vervolg vir spanne wat teen ons kom meeding tog maar 'n les of twee in goeie maniere en sportmangees leer. Hulle het dit blykbaar nodig.

HOOFREDAKTEUR

U het volop keuse in ons grootverskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTE
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEK-HANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK

„die potchefstroomse boekhandel”

TOMSTRAAT 86 — TEL. 5236 — POTCHEFSTROOM

VERKIESING:

Deur BOTTER BOTHA Th.B III

DIE „winde van verandering” waai in hierdie dae weer oor ons kampus — 'n nuwe Studenteraad, hoofbesture en onderbesture moet verkies word. Jong bloed moet ingeskuif word in ons gesagstruktuur. Saam met die bloeisel van ons lente, gaan nuwe gesigte oop op die voorposte van ons studentelewe. 'n Aangename tyd van verfrissende verandering.

Stemregkaarte

Aan die begin van die jaar is sulke geel kaarte aan ons uitgedeel saam met die „duisende ander vorms” wat ons moes invul om 'n wet-tige student te word. Dit was die eerste keer dat die S.R. ook „inskrywingsvorme” uitgedeel het. Daarom het ek gedink „Ag nee, nog 'n vorm” en toe gryp ek my pen en rammel die gevraagde besonderhede af. Die eggo van daardie „rammeling” weerklink in hierdie dae sterk.

Want nou staan daar op my geel kaart bv. nie wat ek studeer nie en die arme man wat graag aan my stemreg wil toeken, sukkel ure om uit te vind watter Du Plessis (denkbeeldige van) watter een is.

En weet julle wat, Pukke? Daar kan naderhand foute insluip wat ons verkiesing onwettig kan maak.

Dus maak ek graag 'n voorstel: kom ons vul daardie geel kaarte volgende jaar ordentlik in. Kom ons maak die aframmeling kleiner en voorkom latere skokgolwe in verkiesingstyd. Ons het genoeg aardskuddings in die wêreld, of wat praat ek nou alles?

Groot moondhede

Elke jaar met verkiesingstyd kom daar twee „groot moondhede” in ons studentelewe na vore. Hulle is by name die Aptekerstudente en die Dames.

Nou wil ek dadelik sê: As daar nie groot moondhede was nie, sou die wêreld baie armer gewees het as wat dit is. Solank die groot moondhede verantwoordelik optree gaan dit goed met ons. En 'n mens kan met dankbaarheid sê dat die Puk se groot moondhede nog altyd verantwoordelik gestem het wat as grondreël meriete en nie

gewildheid en uiterlike voor-koms nie. Mag dit vanjaar weer so wees.

Demokrasie

Op 'n skakeltoer vroeër vanjaar het die S.R. gelet op die verkiesingspraktyke van ander universiteite.

Dit is met trots dat gekonstateer kan word dat die Puk by verre die mees demokratiese verkiesingstelsel het. 'n Mens dink bv. aan ons struktuur van belangbehartiging: diegene wat hulle belangstelling en hartlike medewerking in hulle belangsfeer getoon het, is

Studentemening

ook die mense wat die geleentheid gebied word om leiers daarin te word en hulle leiers daar te stel.

Demokrasie is volksregering. So regeer die A.B.K.K. volk die kultuurbelange, die S.S.B.-volk die sportbelangens.

'n Mens dink ook verder aan ons stem- en telstelsel. 'n Unieke wetenskaplike stelsel skakel blokformings uit en verseker 'n hoogs demokratiese verkiesing van 'n kandidaat in 'n vakante pos.

Ek dink dat 'n mens met so 'n struktuur in 'n groot versoeking gestel word om jou steun uit te bring, omdat jy weet dat elke stem van jou in aanmerking geneem word, selfs jou nommer 7 of 8.

Daarom Pukke, wanneer jy stem, dink mooi en plaas jou nommers verantwoorde-

lik van nommer een af tot heel onder uit.

S.R.-voorsitter

Die dae dat 'n voorsitter van 'n S.R. slegs 'n goeie voorsitter moet wees, wat goed kan organiseer en vergaderings hou, is lankal en vir goed verby.

Die eise wat in vandag se studentelewe aan 'n S.R.-voorsitter gestel word, is veel wyer. Die huidige inter-universitêre verhoudinge en studentepolitiek roep om 'n kragtige uitwaartse standpuntsteller. So was daar vanjaar bv. nie minder as agtien geleenthede vir tussen-universitêre gesprekke waartydens S.R.-voorsitters byeen was.

Ons S.R.-voorsitter moet eenvoudig vandag 'n parate studentepolitikus wees (bo en behalwe die gewone, tradisionele eise waaraan hy moet voldoen.)

Mag ek julle aandag skerp fokus op hierdie belangrike aspek, Pukke: hou dit in gedagte wanneer julle 'n nuwe voorsitter in die kussings plaas. Dit is in belang van die Puk en daarmee die Afrikanerstudent se rol in S.A. se studentetoneel.

Slot

Verkiesingsdag is 'n dag met 'n besondere atmosfeer. 'n Dag van gespanne afwagting, 'n dag van beslissing.

Ons het Intervarsity verloor, maar ons gaan die verkiesing wen! Daarmee bedoel ek dat elke kieser sy deel gaan bydra om die regte manne en dames in die leiersposisies te stel. Die „regte manne” is hulle wat nie skaam is om 'n Puk te wees in die volle sin van die woord nie!

PIET FOTOKUNS VERSOEK:

Dat alle finalejaars wat klasfoto's wil laat neem 'n afspraak maak voor 15 September.

Uit die Woord

Sagaria 3:4 „Ky, Ek het jou skuld van jou weggeneem, en Ek beklee jou met feesklere.”

Dit gaan om die spanning tussen ons verdoemende sondeskuld waarmee ons voor God verskyn en God se ongemotiveerde vergewing van ons sondes.

In die hemel is daar 'n hofsitting. Die aangeklaagde is Josua, die Hoëpriester. Die aanklaer is die Satan. Die regter is die Engel van die Here.

1. Josua: Hy was die Hoëpriester na die terugkeer uit die ballingskap. Hy verskyn as amptenaar, met ander woorde as ambassadeur, van 'n volk wat God verwerp. As gevolg van hulle afkeer van God is hulle na Babel weggevoer. Na 'n ballingskap van sewentig jaar is hulle terug in Palestina. Dit is 'n genade-daad van God, wat beloon word met verharde Godsverwerping.

Daarom is Josua skuldig! So skuldig dat selfs sy klere teen hom getuig!

2. Satan: Hy is die aanklaer. Hy kla Israel by God aan, omdat hy die reg het om die mensdom by God aan te kla. Op die aarde is hy versigtig in die sin dat hy hier nooit direk verskyn nie. Wanneer hy Eva besoek, skuil hy in die slang.

Maar in die hemel verskyn hy in sy ware gestalte: die teenstander van die Lig. Ewe slinks verdedig hy God se saak: hy beskuldig Israel van ontrou voor God. Dit is so. Daarom getuig selfs Josua se klere teen hom. Dis om Satan God wil oortuig dat Israel te onwaardig is om langer onder hulle te woon!

3. Die Regter: Dit is die Engel van die Here. Hy is die hoof van die Engele. Hy is een met God. Hy is die Ou Testamentiese Middelaar.

Teen alle logika in spreek hy Josua vry en bestraf Satan. Kragtens die genade van God word Josua vrygespreek. Dit is hierdie element wat die spanning veroorsaak.

Ons is nie toeskouers van hierdie saak nie. Dit is ons saak wat verhoor word, want Josua staan daar vir elke lid van God se kerk op aarde. Die kerk van Christus is tog die bewoners van die Nuwe Jerusalem!

Maar ons is reeds versoen! Ons Hoëpriester moes ook meer deurmaak as Josua. Waar Josua vryspraak verkry, moes Christus die toorn van die sonde dra. Josua word vrygespreek, maar Christus moet die dood oorwin.

So word Christus die motivering vir ons redding. God het laat reg geskied. Daar is gestraf vir die vuil klere. Christus het letterlik met sy bloed betaal. Daarom is dit 'n genade-daad van God as Sy Gees 'n appél tot ons rig om te volhard in die Here Jesus Christus.

M.J.d.P.

Kobus Kotze

(Vervolg van bl. 1)

1972: Ondervoors. Studenteraad. S.A.B. (Voors.).

Dit is met 'n besef van diepe afhanklikheid en nederigheid dat ek my op 'n terrein so kolosaal begeef, maar daarteenoor ook so 'n heerlike uitdaging; soveel te meer by die wete dat ons kan vertrou op 'n lewende God. Gesien in hierdie lig verklaar ek graag:

1. Dat dit allereers my innigste begeerte is om diens aan die Studente van hierdie Universiteit te kan lewer, met al my krag en al my vreugde.

ii. Dat ek my nie tot 'n spesifieke interne terrein wil verbind nie, maar daarteenoor my verskering gee dat geen terrein in ons studentelewe deur my as té groot of te klein geag sal word nie.

iii. Dat ek ten volle samewerking aan die nuwe A.S.B. aan ons Kampus sal verleen in sy poging om die Afrikanerstudent nouer te betrek by die vraagstukke wat ons direk raak, maar ook in sy poging om die Afrikanerstudent in sy behoeftes te dien.

2. Dat ek my op Interuniversitêre terrein sal beywer om in samewerking met die A.S.B., maar ook onderling nouer saam met die ander Afrikaanse Universiteite te werk en steeds hegte bande in ons stryd teen die negatiewe infiltrerende invloede van buite, sowel as binne ons landsgrense, te smee, ter handhawing van 'n hoër ideaal.

ii. Dat steeds gepoog sal word om nouer samewerking te verkry met Engelstalige kampusse en spesifiek met verwysing na die gematigde Engelsprekende student, wat steeds meer poog om kontak met die soortgelyke

andersdenkendes op ander kampusse.

iii. Dat afgesien van S.A.S.O. se houding t.o.v. skakeling met Blanke studenterrade, gepoog sal word om binne die raamwerk vir ons daar gestel, nouer kontak te verkry met Nie-Blanke Universiteite.

Met die nimmer eindigende wete dat ek uit myself tot niks goeds instaat is nie, verklaar ek my volkome bereidwillig tot diens aan my medestudent.

■ Laat bekwaamheid en verdienste u lei.

Nico Ligthelm

(Vervolg van bl. 1)

S.B. - Kongres (afgevaardigde).

1972: Studenteraad — A.O.B., Karnaval '72 (voors.), A.O.B. (onder-voors.), Hoofredakteur: Besembos A.S.B.-komitee Huis-komitee: Makoulei, A.S.B.-kongres (afgevaardigde).

1973: Voorsitter — A.S.B. Nasionale Projek: Kuesta '73.

Ek neem as fondament en grondslag die Woord van God. Alle beslissings sal ek neem in die Lig van Sy Woord.

As Afrikanerstudent op die Puk-kampus glo ek om student te wees in die ware sin van die woord. Dit is om student te wees op alle gebiede van die studentelewe, en om jou ten volle daarin uit te leef.

Ek sal poog om alle studente bewus te maak van die Afrikanerkultuur — die implimentering en evaluering daarvan — en om die student gebalanseerde ontspanning te bied om sodoende die kroon op ontspanning te

plaas, op georganiseerde ontspanning, en ook op sport as ontspanning.

Tog behoort ons ook intern sterk te wees teen die negatiewe, liberale aanslae van buite — dit vind ek in die uitlewing van my Christelik - Calvinistiese beginsels, wat ek kanaliseer na my akademiese en politieke lewe.

Ek sal verder poog om aan elke student reg te laat geskied. Daarom beloof ek samewerking na die beste van my vermoë aan elke student, aan elke Huiskomitee, aan my mede Studenteraadslede en aan die Universiteitsowerhede.

Ek beywer my dus ten volle vir die Afrikaner en die Afrikanergevoel op ons kampus en ook in ons land, maar met 'n begrip vir ander taal en volksgroepe. Primêr vir my is dus die Afrikaner se identiteit — sy taal, kultuur en goddiens. Dit kan ek uitleef in my eie Afrikaner Studentebeweging die A.S.B. Ek skaar my dus ten volle by die A.S.B. Ek ondersteun onomwonde sy grondslag en doelstellings, en ek sal ook poog om my beskeie deel te doen om die A.S.B. nog verder uit te bou op hierdie nuwe weg wat ingeslaan is.

Ek sal my beywer om nouer saam te werk met mede Afrikaner Universiteite, in die A.S.B. en ook daarbuite. Ek sal ook poog om die beleid van afsonderlike ontwikkeling, volkere verhouding en vreedsame naastaan te implimenter tot in sy uiterste toelaatbare konsekwensies deur te skakel en kontak te maak met Engelse-sowel as Nie-Blanke studente op ad-hoc basis.

Ten slotte bly die diensmotief aan elke student vir my primêr, want 'n leier het gekom tot op die spits van 'n piramide deur sy mede-studente. Wat hy dan van daar af verder gaan doen, hang af van die voetstuk waarop hy rus en wat hom ondersteun.

Dus, die krag van enige leier hang af van die krag van die massa wat hy verteenwoordig.

Die mens wik, maar God beskik.

■ Laat vaar koshuis-chauvinisme.

Fika van Rensburg

(Vervolg van bl. 1)

nuwe benadering in ons studentelewe moet kom.

1. VERNUWING NA BINNE: Akademie —

Wat is 'n Universiteit? Dit is 'n samelewingskring wat omvat, 'n universum met die akademie as brandpunt. Let wel: Die Akademie as brandpunt. Daarom is dit te verstane dat daar van die kant van die student self 'n weskroep opklink: Maak groter erns met die akademie! Daar bestaan onder die studente 'n behoefte aan skakeling met die owerheid oor hierdie saak, en aan hierdie behoefte sal ons poog om te voldoen.

Ons Sosiale lewe — Hier sit ons met 'n gevaar wat ons sosiale struktuur as

Pukeenheid bedreig. Wat baat dit ons dat ons Universiteit die naam het dat hy Christelik is, terwyl 'n al groterwordende getal studente die gees van die tyd op ons campus uitleef.

Ben van die Puk se grootste probleme is die koshuise. Hoe kan 'n student tevrede wees met sulke behuisingstoestande. Ons begryp wel die probleme van die owerhede, maar dit onthef ons nie van ons verantwoordelijkheid om aan hierdie sake aandag te gee nie.

Verder — kan dit nie as verwyrt teen ons geld dat die studente van die dorp nie sosiaal betrek word by die kampusaktiwiteite nie? Dit is dan ook ons voorneme om meer direkte skakeling tussen die dorp en die koshuise te bewerkstellig.

Die Sport aan die Puk —

Mens sana in sano corpore, ja — maar ook geen gesonde liggaam sonder 'n gesonde gees nie. Dit is nodig dat ons ook leer om ons sport te beoefen „In U lig.” Is dit nie beter om te verloor binne die reëls as om te verloor daarbuite nie?

Ten slotte — studentwees vra 'n offer: ek moet nie kyk wat die Puk vir my kan bied, maar wat ek vir die Puk kan doen.

2. DAADKRAG NA BUITE:

Ons moet die bereidwilligheid toon om ANDERS te wees, want juis die feit dat ons nie gekonformeer het nie, het die Puk gemaak. Teen die tydsgees stel ons die uitlewing van ons Christelike beginsels op alle lewensterreine.

Met daadkrag moet ons optree na buite, moet ons die karakter van die Puk uitdra, moet ons waarlik getuies wees! Dit kan ons vermag deur onder andere steeds meer en meer ons volle gewig by die A.S.B. in te gooi.

Ook op Studenteraadsvlak sal ons beleid wees om ons verhouding met mede-Afrikaners, anderstaliges en andersvolkiges te handhaaf en uit te bou — dit alles sonder om te verval in 'n skakelmanie.

Die roeping van die student is om te staan in die brandpunt van die vraagstukke van ons tyd: Ons sou dus graag wou sien dat die Afrikanerstudent — in besonder dan die Pukstudent — op die terrein van die nasionale studentepolitiek 'n prominente en leidende rol speel. Ons mag en sal ook nie net toeskouers bly nie in hierdie bedeling wat so pregnaat is met die tekens van die tye nie.

3. NOG DIT:

So sal ons poog om met geloofsvertroue en daadkrag ons roeping uit te leef in die termyn 1972/73 — en dit in die volle besef van ons onvermoë as swakke mense.

■ Verkiezing, 6 September, vanaf 8.00 vm. tot 7.00 nm. in die Totiussaal.

Leo van Schaik

(Vervolg van bl. 1)

A.B.K.K.-interkoshuiskomitee Waarnemer A.S.B.-kongres 1971: S.R.-verteenwoordiger A.B.K.K. A.B.K.K.-hoofbestuur (voors.) Sentrale Karnaval Komitee A.B.K.K.-interkoshuiskomitee (voors.)

Pukkieredakteur Huiskomitee — Over de Voor A.S.B.-kongres afgevaardigde 1972: S.R.-verteenwoordiger van A.B.K.K. S.R.-dagbestuur — (sekr.) A.B.K.K. Hoofbestuur (voors.) A.B.K.K.-interkoshuiskomitee (voors.) Huiskomitee — Over de Voor Skakelraad A.S.B.-kongres afgevaardigde

S.R.-konferensie afgevaardigde 1973: A.S.B.-hoofbestuur — addisionele lid.

Om 'n volledige beleid in 'n paar woorde saam te vat, is uit die aard van die saak 'n onbegonne taak.

1. Algemeen:

Ek stel my op die beleid van die P.U. vir C.H.O. soos dit vervat is in die grondbeginsels van die Christelik-nasionale karakter van hierdie universiteit. Ek stel my ten doel die uitbreiding van hierdie lewens- en wêreldbeskouing.

2. Studentelewe:

Die Studenteraad kan na my beskeie mening nog meer werk in die rigting. Ontspanningsfasiliteite en ontspanningsmootlikhede skiet m.i. ver te kort. 'n Studenteraad se eerste en primêre plig en taak is teenoor sy eie studentmassa. 'n SR het ook 'n inter-universitêre taak, maar dit is nie sy primêre taak nie, sy plig is diensmotief teenoor die studentemassa wat hom verkies het.

Uitbreiding ook op ander gebiede in die studentelewe in die belangbehartigende stelsel sal my doel wees.

3. Inter-universitêr:

Die eksterne taak van die SR is ook van belang, veral in die realisering van volkere-verhoudings. Die hele saak moet egter nie oordryf word nie en glad nie as die begin van die einde van alle skakeling gesien word nie.

Verder is dit ook nodig dat die PUK hier sy taak vervul, en waar die PUK in die verlede die leiding geneem het in baie opsigte moet die SR glad nie laat slap lê nie.

Betreffende die A.S.B. bly ek ten gunste van die organisasie, dat dit met die huidige opset, ten volle geleentheid bied vir elke Afrikaanse student om homself uit te lewe.

Ek sal my steeds meer en meer beywer om die A.S.B. en die Studentemassa nader aan mekaar te bring. Die A.S.B. en sy verhouding tot die SR moet koördinerend en belangbehartigend van aard wees. Die A.S.B. bly immers 'n studenteorganisasie vir studente.

5. Slot:

In alles wat ek doen, en wat ek beoog in my beleid, doen ek dit met 'n besef van my swakhede, maar is dankbaar om as swakke mens my geloof te beleë in God, van wie ons alle krag en lig ontvang. In Sy genade kan ons alles met geloof volbring.

Ten slotte sal ek poog om die belang van die student individueel en as 'n massa te probeer behartig in volle besef van my swakhede.

■ Laat bekwaamheid en verdienste u lei.

Jacques Verster

(Vervolg van bl. 1)

1971: S.R. S.S.B. — onder-voorsitter Retoriese Vereniging (voors.) A.B.K.K.-hoofbestuur Sportbeheer Komitee Thalia toer 1972: S.R. S.S.B.-voorsitter Sportbeheer Komitee Thalia voorsitter Pukkieredakteur Karnaval Komitee.

Om beleid te formuleer vir die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O. is een moeilike taak nie, die kruis daarvan staan vas hoewel daar van tyd tot tyd noodsaaklike aanpassings gemaak word. Ek sien die uitdaging egter daarin geleë dat die beleid ook uitgevoer moet word om sodoende in die praktyk te kan realiseer. Waar dit gaan

(Vervolg op bls. 5.)



"Aanstoot, Weertig! Hoe langer jy draai, hoe meer rente verloor ek!"

Dit werk regtig so! Open 'n Spaarrekening by Saambou-Nasionaal. Jy kan enige plek in die land geld daaruit onttrek. En enigiemand (selfs jou pa) 'n enige plek in die land geld op jou rekening inbetaal. Boonop betaal ons jou 4% rente op daaglikse balans... net omdat jy so slim is!



SAAMBOU-NATIONALE BEVEERENIGING

HUISE, PLASE, PLOTTE, BESIGHEIDSTANDPLASE

Besoek my eerste vir eerlike transaksies

G. Schoonhoven

TOMSTRAAT 86A
Tel. 5136

Na ure Holtzhausenstraat 20
Tel. 6056, Potchefsroom

A.O.B.



Chris Hattingh

1970 — B.A. III
A.O.B.-hoofbestuur 1971
A.O.B.-dagbestuur 1972 — sekretaris.
Sentrale Karnavalkomitee 1972
Stalletjiesdagkonvenor.
Sentrale Karnavalkomitee 1973
Debutantekonvenor.
Om 'n gebalanseerde student te wees beteken om te studeer maar ook om goed te ontspan. Die A.O.B. het dus 'n gewichtige taak. Ons is dus van mening: dat:
Komitees van A.O.B. geherstruktureer word.
Groter subsidies aan Florna en Montium.
Die nuwe projektor ten volle ontgin word.
Ontspanningsgeleenthede van stede benut word.
In ons besondere tydsges is dit noodsaaklik dat die studente volkome sal ontspan maar nie sal toegee aan die besondere gevare van die tyd nie. Aan die anderkant moet die studente ook volkome ontspan sonder om agter-die-tydse fossiele te word.

Paul Jordaan

1970 — B.Juris.

Koos Kruger

1966 — Sosiologie M.A. Th.B I
1967: J.V. de Gloria-organiseerder
Huiskomitee Makouvlei
1968: Huiskomitee Makouvlei
Ontheffingsdinee — A.O.B.
1969: Primarius Makouvlei
Burgemeester Tarentaal
1970: Radiorama-komitee AOB
Burgemeester Tarentaal

Goue Kandelaar redaksie
Primarius Makouvlei
1971: S.R.-vertegenwoordiger
A.O.B. onder-voorsitter
Verkiezingskomitee
A.S.B. — Lid van Toere.
J.V. de Gloria onder-voors.
Sentrale Karnavalkomitee. Interne onder-voors.
Burgemeester Tarentaal
1972: Sentrale Karnavalkomitee
Interne onder-voorsitter
A.O.B.-voorsitter
Verkiezingskomitee Konvenor
Burgemeester Tarentaal.
Die steeds groeiende studentetalle en ontwikkeling van die PUK, bring op die vlak van die georganiseerde studente, 'n groter uitdaging mee.

Sukcesvolle resultate van elke student gaan gepaard met vorming. Ontspanning as deel van vorming moet positief wees, en reg gekanaliseer word. Die eenheid van die massa kan ook deur die regte ontspanning verstewig word. Met dit in gedagte, is ons oë gerig op die oorspronklike beplanning en verbetering van die reeds bestaande ontspanning.

Gepaardgaande hiermee die akademiese belange van elke student. Deur die S.A.B. kan die akademiese aktiwiteite saamgesnoer en gekoördineer word tot gesonde balans. Die S.A.B. is prikkelend met ruim ontwikkelingsmoontlikhede.

Om roeping so te kan vervul, wêre groot dankbaarheid. Die betoog lê in die Geloof en die verwesentliking van alles dienoreenkomstig.



■ Volledige uitslag dieselfde aand op die massavergadering.

Nico Ligthelm

Kyk by S.R.-voors.-kandidate



Braam le Roux

1970 — B.A. III

1971/72: Reklamekomitee (voorsitter).

Karnavalkomitee
A.S.B. waarnemer
Florna

Kinepuk (bestuur)

1972/73: Karnavalkomitee.

Daar is 'n groot behoefte aan ontspanning op die Puk. Die AOB het hier 'n unieke taak in die studente-lewe. Die Puk-gees moet lewe. Gesond lewe. Radikaal uit oortuiging lewe. Ons moet die kans gegun word om te besef dat ons jonk is. Ek wil graag hierdie uitdaging aanvaar.

Inter-universitêre skakeling en die positivering van die A.S.B. se doelstellings is vir my van groot belang.

Alle foto's op hierdie bladsy deur FOTOKUNS



Karl Rost

B.Comm. (Regte) III — 1970

1971: Universiteitskoor

1972: Flornabestuur.

Karnavalkomitee. (Penningmeester)

Alabama Penningmeester

1973: Karnavalvoorsitter

Aangesien ontspanning 'n belangrike aspek vorm van die hendaagse lewe, sal ek graag my deel wil bydra om nie alleen ontspanning nie, maar ook die nodige ontspanningsfasiliteite op die P.U. vir C.H.O. te verbeter. Hiermee wil ek veral die klem laat val op naweekontspanning.

In die behartiging van my ontspanningsdoelwit sal ek poog om nooit die vertikale band na Bo te verbreek nie.

Charl van der Merwe

B. JURIS (Ekon.) II — 1971

1970/71: Suid-Afrikaanse Junior kampioen hamergooier.

1971: S.A. Junior rekord hamergooi

Wes-Transvaal atletiek
Deelname aan Internasionale Atletiekbyeenkoms


Lid van S.A. Universiteite Atletiekspan

1972: A.O.B.-bestuur

1973: Sentrale Karnavalkomitee

Die beginsels van hierdie Universiteit moet ten volle uitgeleef word in ons daaglikse omgang. Nietemin is dit essensieel dat ons ontspanning sal tred hou met die tydsges waarin ons, ons bevind, dog binne bestek van die raamwerk van ons beginsels. Ontspanningsgeriewe en sportfasiliteite behoort dienoreenkomstig aangepas te word.

M.b.t. inter-universitêre aangeleenthede behoort ons studente gebruik te maak van alle geleenthede wat ons gebied word vir skakeling met ander Universiteite op sportgebied sowel as dergelyke studente aktiwiteite. Die funksie van die A.S.B. ten opsigte van ons as Afrikaner studente moet ten volle benut word om sodoende 'n hegte band onder Afrikaner studente te behou.



■ Kom bring u stem uit.

Kobus van der Walt

1972 — B.A. II

1972: A.O.B.-hoofbestuur (voorsitter — spelekomitee)

Wapad (Sirkulasie bestuurder)

J.V.-bestuur (addisionele lid)

P.U. O/20 A-rugby.

As 'n student aan die P.U. vir CH.O. wil ek my beywer om die belange van my mede-studente te bevorder, waar dit binne die terrein van die A.O.B. val. Deur nouer kontak met die student self, glo ek dat baie leemtes wat nog bestaan, gevul kan word. daar dit 'n student nog nooit aan oorspronklikheid ontbreek het nie.

Wat inter-universitêre aangeleenthede betref, onderskryf ek die huidige beleid wat gevolg word, veral ten opsigte van die A.S.B.



■ Moenie dink 'n dame is minder bekwaam as 'n man nie.

■ Vergeet mooiweerspraatjies.



Theuns van Rensburg

1971 — B.Comm. II

1972: A.O.B. (addisionele lid)
Pukkie redaksie (Penningmeester)

Wes-Transvaalse rugby.

Om volkome student te wees moet 'n mens bereid wees om jou mede-student, universiteit en jou volk, land en taal te dien.

Ek sal op die S.S.B. die belange van die sportman bevorder, en op die S.A.B. sal ek my volle aandag aan akademiese aangeleenthede wy.

Hiermee verklaar ek my bereid om my te onderwerp aan die beginsels van die Afrikaanse Studente Bond en dat ek sy doelstellings sal uitleef en bevorder.

Na die beste van my vermoë en „In U Lige" sal ek my taak aanpak en volvoer.

Carel van Heerden

Kyk by S.A.B.



Leon van Rooyen

B.Jur. III — 1970

1972: Karnavalkomitee

1973: Karnavalkomitee (onder-voorsitter)

Omdat ek die algemene ontspanning van die Puk-massa op die hart dra, wil ek my graag in diens van my medestudente stel. Omdat ontspanning 'n integrale deel van student-wees is, sal die positiewe benutting van u kritiek miskien bydra tot 'n aangename studente-lewe. Inter-universitêre skakeling het 'n saak van kardinale belang geword; skakeling met eiesoortige (eendersdenkende) universiteite, maar óók (veral óók) met andersdenkende (resp. soortige) universiteite. Die A.S.B. bied m.i. 'n geskikte kanaal vir soortgelyke inter-universitêre skakeling.

■ Stem vir wat hy is en nie vir hoe hy lyk nie.

POTCH. SPARES

(PTY.) LTD.

VIR ALLE MOTORONDERDELE EN TOEBEHORE
FOR ALL AUTOMOTIVE PARTS & ACCESSORIES



Tel. 6077, 4595

Posbus/P.O. Box 260

39 Lombard Str. 39, Potchefstroom, Tvl.

BY VOORKEUR

Gebak deur

Turkstra

BY VOORKEUR

A.O.B.



David Weyers

1970 B. Comm. III

1972: Dagsstudente bestuur
Diskoiteekkomitee (voors.)

A.O.B.

Ons as PUK-studente het voor-
reg om 'n doelgerigte lewensbe-
skouing hier te kan uitlêwe.
Kontak op ontspanningsgebied
maak die dinge soveel meer
moonlik. Ek staan vir die S.R.
om te werk en nie vir die status
wat gepaard gaan met alhier
beloftes wat nooit nagekom word
nie. Ek sal my **daarvoor beywe**
om giewe en leemtes ten op-
sigte van ontspanning uit die
weg te ruim en beter en goeie
ontspanning daar te stel.
Mag ek met die krag van Bo
werk;
Tot eer van ons Skepper;
Tot eer van ons universiteit;
Tot eer van ons studente.

K.V.V.



Koos Cloete

B.A. III

1970: J. V. Voors. (J. V. Eklad)
1971: Sekreteris — Wysgerige
Vereniging.

1972: Penningmeester — Wysge-
rige Vereniging.

1972: Waarnemer: ASB-kongres
(Bloufontein).

1972/73: Reelingskomitee: Ku-
esta 1973.

In die lig van die karakter en
geskiedenis van hierdie Univer-
siteit, sal dit vir my 'n voorreg
wees om ook my beskete bydrae
te lewer tot die uitbouing van
K.V.V., wat vanweë sy doelstel-
lings onlosmakelik verbonden is
aan die P.U. vir C.H.O. Indien
sal ek te alle tye trag om dit so
na te kom dat ook die Konin-
kryk van God bo alles daarin uit-
gebou sal word.

Vergeet mooiweerspraaijies.

Paul uder

B.A. III 1970
1971: K.V.V.-bestuur
Wapad — sirkulasies
Skuur: Huiskomitee
A.B.K.K.-interkosmiskomitee
1972: K.V.V.-bestuur
Korps-studiekring (voors.)
A.S.B. kongresganer, Bloem-
fontein.
T.S.V. Propedeute-komitee
Wysgerige vereniging (o-voors.)
S.A.B. hoofbestuur, w.o.: Sim-
postumkomitee; Bevorderings-
komitee.
Korps moet dien. Almal is moeg
van plaform-bravado op bestuur.
In Korps se 80ste bestaansjaar
moet ons in die klein kring van
die kosnits werk en mekaar se
voete was. Ek het volle vertroue
in die Korpselle.

Pukke moet dien. Grooibrat
en stropelinge Christuslik-Nasio-
nale woorde is uitgelede. Die
Pukke kan hulle plek in die Afri-
kaanse Studentenbond (A.S.B.)
volstaan deur Christuslik en Na-
sionaal te doen. So sal die "nu-
we A.S.B." met sy stelsel van
Universiteitskor
1971/72: Hoofbestuur: K.V.V.
Penningmeester atletiekklub
1972/73: T.S.V.-bestuur
Kruista 1973: Reelingskomitee.
My bereidwilligheid om te
staan as Korpsverteenwoordiger
op die Studenteraad, impliseer
lojaliteit jeens die belange van
K.V.V. en sake rakende die Stu-
denteraad van ons Unversiteit.



Pieter Mulder

1970: B.A. (Kromk.) III

1970: Alabama
1971: P.N.B.-bestuur
Korps Veritas Vincent bestuur
(Penningmeester)
Alabama bestuur (penningmees-
ter)
Volkspele bestuur (organiseer-
der)
1972: Studenteraad
Korps Veritas Vincent Bestuur.
Alabama bestuur (voorsitter)

uit die studente, deur die stu-
dent en vir die studente om as
hul mondstuk na buite sowel as
na binne te dien. Hiervolgens
het die Studenteraad 'n plig teen-
oor die studente maar ook teen-
oor die groter gemeenskap om
die lewensuitkyk van die stu-
dente en die Unversiteit na
buite te laat geld. Uit hierdie
Thalia
1972: Korps penningmeester
Karnavalkomitee
Florida

Ek sal my beywer om nouer
kontak te bring tussen die Stu-
denteraad en elke student sodat
die behoeftes van elke student
des te meer gevoel kan word.
Inter-universiteit is my beleid;
1971: Afdelingsvoorsitter van die
"Die Goue Kandelelaar" 1970/71
J.V.

Teologiese Studente Vereniging

1970: Skaakklub

1969 — Th.B. I

1970: Skaakklub

Teologiese Studente Vereniging

Organiseerder, voorsitter, adde-
lingsvoorsitter van die J.V.

1971: Afdelingsvoorsitter van die
"Die Goue Kandelelaar" (redak-
teur)

Teologiese Studente Skaakblad—
redaksie.

Sentrale Karnaval Komitee
Korps Hoofbestuur
Teologiese Studente Vereniging
Rugbyklub.



Alle foto's op hierdie bladsy deur FOTOKUNS

Dit sal nie alleen my voorreg
wees om die belange van die
hoofliggaam waarop ek verties
word te bevorder nie, maar ook
my ideaal om elke Puk te dien in
die lig van ons leuse: In U Lig.
Ek sal my beywer om nouer
kontak te bring tussen die Stu-
denteraad en elke student sodat
die behoeftes van elke student
des te meer gevoel kan word.
Inter-universiteit is my beleid;
1971: Afdelingsvoorsitter van die
"Die Goue Kandelelaar" (redak-
teur)

1972: Korps penningmeester
Karnavalkomitee
Florida
1972: Korps penningmeester
Karnavalkomitee
Florida



Marius Schalekamp

B.A. III — 1970

1971: Reklamekomitee
Puk O/20 rugby

Dink daaraan dat die persoon wat jy kies die leier van alle studente-aksies moet wees.

My bereidwilligheid om te
staan as Korpsverteenwoordiger
op die Studenteraad, impliseer
lojaliteit jeens die belange van
K.V.V. en sake rakende die Stu-
denteraad van ons Unversiteit.



Etienne Schalekamp

B.A. III — 1970

1970: Wysgerige Vereniging
J.V. Afdelingsorganiseerder
1971: 0-voors. Wysgerige Ver-
eniging
1971/72: Hoofbestuur: K.V.V.
Penningmeester atletiekklub
1972/73: T.S.V.-bestuur
Kruista 1973: Reelingskomitee.
My bereidwilligheid om te
staan as Korpsverteenwoordiger
op die Studenteraad, impliseer
lojaliteit jeens die belange van
K.V.V. en sake rakende die Stu-
denteraad van ons Unversiteit.

Trudie van der Merwe

1969 — B.A. PW IV
1971: Wapadredaksie
A.O.B.-bestuur
Munroal-sekretaresse
A.S.B.-waarnemster
1972: Sentrale Karnaval komi-
tee
A.O.B.-bestuur

Hiermee stel ek my ten doel
om my soveel as moonlik vir
die Puk-studente en aktiwiteite
te beywer.
M.I. dien die ASB nog 'n nut-
tige doel vanweë die feit dat dit
'n anker bied teen die moderne
ströminge en druk van buite soos
o.a. Saso.
Dit sal vir my 'n genoë wees
om die Puk en sy studente se be-
lange op my hart te dra.



Fika van Rensburg

Kyk S.R.-voors.-kandidate



Herman Venter

1969 — Th.B. I

1970: Skaakklub

Teologiese Studente Vereniging

Organiseerder, voorsitter, adde-
lingsvoorsitter van die J.V.

1971: Afdelingsvoorsitter van die
"Die Goue Kandelelaar" (redak-
teur)

Teologiese Studente Skaakblad—
redaksie.

Sentrale Karnaval Komitee
Korps Hoofbestuur
Teologiese Studente Vereniging
Rugbyklub.

1972: Afdelingsvoorsitter van
meester)
Wysgerige Vereniging (penning-
meester)
Teologiese Studente Vereniging.
"Die Goue Kandelelaar" (redak-
teur)

Teologiese Studente Skaakblad—
redaksie.

Sentrale Karnaval Komitee
Korps Hoofbestuur
Teologiese Studente Vereniging
Rugbyklub.

Sagrus Venter

1970 — B.A. III
1971: J.V. (organiseerder)
1972: J.V. (voorsitter)
Wysgerige Vereniging (bestuur)
Korps Studiekring
1973: Korps Selleier (Liberalia)
J.V. (Afdelingsvoorsitter)


In diepe beset van my at-
hantlikheid van die soewereine
God wil ek my jangs hierdie weg
in diens van die Puk-massa stel.
Met die Bybel as grondslag van
my doen en late sien ek dit as
roeping om die Christuslike (spe-
sifiek Calvinisties reformatoriese)
ordening van die lewe te be-
primêr na binne op eie kampus,
maar ook na buite. So moet die
Calvinisme deursuur op alle Af-
rikaanse, Engelse, en Nte-blanke
kampusse sodat almal na die lig
sal vra. Dit moet jangs die weg
van inter-universitêre skakeling
gesked was van die A.S.B. nie
kan en mag uitgesluit word nie.

Massavergadering om 10.15
nm. op Woensdag 6 September,
in die Tohuussaal.

Moenie dat komplimentêre
sigarette jou beïnvloed nie.

MANS EN DAMES!
KLERE-
VERSTELLINGS
ESLITA
KLERE-
VERSTELLERS
Tel. 6775, Potch Pressgebou,
Olelaan 3A, Potchefstroom.

P.N.B.



Frans Kruger

B. Juris ET ART 1969

1969: Alabama Toergroep. Feeskomitee Konvenor. Eerste Rugbyspan, Wes-Tvl. 0/20 rugby
1970: A.O.B. Hoofbestuur. Alabama bestuur. Eerste rugbyspan. Wes-Tvl. 0/20 rugby.

1971: Studenteraad — P.N.B. Vert. P.N.B. — Bestuur — Add. lid. S.A.B. — Hoofbestuur. Regsvereniging Bestuur (0/voors.). A.S.B. — Komitee (sekr.)

1972: Studenteraad — P.N.B. (vert.) A.S.B. — Bestuur (voors.) Regsvereniging Bestuur (voors.) P.N.B. — Bestuur (0/voors.). S.A.B. — Bestuur, Huiskomitee — Over de Voor, Eerste rugbyspan.

Dit moet altyd jou grootste ideaal wees om daardie mense wat jy verteenwoordig bo jou eie ek te stel sodat dit dus primêr gaan om hulle belange op die hart te dra en te bevorder. Daar moet ongetwyfeld daadwerklik voortgegaan word met die skakeling ten opsigte van andervolkges en andertaliges, terwyl die A.S.B. 'n behoudende element in ons volksbestaan is.

Pieter Mulder

Kyk by K.V.V.

Quintus Pelser

Kyk by A.B.K.K.

Riaan Odendaal

Kyk by A.B.K.K.

Gerrit Pienaar

Kyk by A.B.K.K.

Japie Robbertse

Kyk by A.B.K.K.

■ Massavergadering om 10.15 nm. op Woensdag 6 September, in die Totiusaal.

Trudie van der Merwe

Kyk by K.V.V.

Neels van Niekerk

1968 B. Jur et Art III

1970: 1. Regsverenigingbestuur. 2. Hoofbestuur Nasionale Federasie van Regstudente.

1971: 1. Regsvereniging voorsitter. 2. Vise-President Nasionale Federasie van Regstudente. 3. Over de Voor Huiskomitee. 4. S.A.B. bestuur. 5. ABKK Interkoshuis-komitee. 6. A.S.B. Regskongres Afgevaardigde.

1972: 1. Over de Voor Huiskomitee. 2. ABKK Interkoshuis-komitee. 3. A.S.B. Kongres — afgevaardigde. 4. A.S.B. Kuesla komitee.

Sonder mooi woorde of belofes bied ek my dienste aan. Die studente het behoeftes en aanspraak op sekere dinge, ek sal poog om 'n verantwoordelike verteenwoordiger van elke kieser te wees.



■ Stem vir wat hy is en nie vir hoe hy lyk nie.

S.A.B.

NATUURWETENSKAPPE



Betsie Schlebusch

B.Sc. HHK 111.

1972 Huiskomitee Karlien. Voorsitter Huishoudkundevereniging.

N.P. Bestuur.

Ons is deel van 'n akademiese instelling en daarom kry elke student 'n wonderlike geleentheid om deur die akademiese kanaal van SAB 'n spreekbeurt in die S.R. te verkry.

Ek sien my taak om te dien as mondstuk van alle akademiese verenigings waaraan elke student behoort. Ek sal steeds poog om die individuele regsak van elk te beveg en om aan hierdie vereniging 'n volwaardige bestaansreg te verskaf binne die raamwerk van ons studente-ewe.



Osie van Niekerk

B.Sc. (Farm.)

P.A.S.V. (voorsitter)

P.U. O/20 rugby.

Wes-Transvaal O/20 rugby.

Hiermee stel ek my ten doel om die belange van my medestudente in die algemeen en in die besonder van die P.A.S.V. uit te dra.

Die natuurwetenskappe is 'n soewereine vakgebied en as lid hiervan sal ek staan vir die uitbouing van die wetenskap op elke terrein van die studente-ewe.

LETTERE EN WYSBE-GEERTE



Thinus Smidt

1970 B.A. III.

1971: Muurbal (Addisionele lid)

1972: Muurbal (Penningmeester)

J.V. Deo Gloria (Penningmeester)

Colamus (voors.)

1973: J. V. Deo Gloria (voors.)

Korps (selfbestuur).

Om 'n beleid te stel en dit nie uit te voer nie, is om jouself belaglik te maak.

Ek sal my beywer om die SAB uit te bou tot 'n liggaam wat met reg sy plek as hoofliggaam op die S.R. kan inneem. Op die werk wat die SAB in die verlede gedoen het, kan net verbeter word.

Ek onderskryf die beginsels van die ASB ten volle en sal ook die belange van die liggaam sover dit in my vermoë is, bevorder.

Getrou aan ons leuse „In U Lig” sal ek my taak benader.

■ Verkiesing, 6 September, vanaf 8.00 vm. tot 7.00 nm. in die Totiusaal.

ANDER GROEPE

Koos Kruger

Kyk by A.O.B.

Hennie van der Merwe

B. MUS III (1970)

1. Musiekvereniging (voorsitter) (1972).

2. Musiekvereniging (voorsitter) (1973).

3. Universiteitskoor (voorsitter) (1973).

Die SAB betree vanjaar sy derde termyn. Die rigtinggewende jare is verby — nou kan ons daadwerklik diens lewer aan die studente. Ek sal poog in alle beskeidenheid om op akademiese gebied ons studente te dien.

Dit is my geloof dat ons S.R. steeds sal affilieer by die A.S.B. Dankie Pukke.



■ Moenie dat komplimentêre sigarette jou beïnvloed nie.

Alle foto's op hierdie bladsy deur FOTOKUNS

Konkie van der Walt

1969 B.A. III.

1969: Voortrekkers (voors.)

Lid van S.A.U.-Atletiekspan.

1970: Voortrekkers (voors.)

Lid van S.A.U.-Atletiekspan

1971: Voortrekkers (voors.)

A.B.K.K.

Voorsitter J. V. Theofilus

1972: Studenteraad — S.S.B.

Onder-voorsitter S.S.B.

T.S.V.-bestuur

1972/73: T.S.V.-bestuur.

As instrument in Sy hande sou ek wou meehelp tot die realisering van die SAB en SSB. Dis egter nie primêr nie, maar om hierdeur te bou aan Sy Koninkryk.



■ Dink daaraan dat die persoon wat jy kies die leier van alle studente-aksies moet wees.



Carel van Heerden

1969 B. Comm. LL.B. I

1971: Rugbykaptein Over de Voor.

1972: SRVP-bestuur

Huiskomitee Over de Voor

Rugbykaptein Over de Voor.

Daar bestaan die wanopvatting dat SAB staan vir Sosiaal Akademiese Bestuur. Die primêre taak van die SAB is egter om akademiese belange te behartig en te koördineer. Ek glo dat die SAB vir hom 'n taak kan vind daarin om te help dat die student, wanneer hy in die praktyk instap, nie slegs 'n akademies-gekwalfiseerde sal wees nie, maar ook in 'n mate deur en in die praktyk geskool sal wees.

Neels van Niekerk

Kyk by P.N.B.

Theuns van Rensburg

Kyk by A.O.B.

Herman Venter

Kyk by K.V.V.

S.S.B.



Hans Booysen

B. Juris (lett) II

1970: S.A. atletiekspan Argentinië (Suid-Amerika)

W.-Tvl. atletiekspan (1970/71/72)

S.A. tienkampspan (1970/71)

S.A.U. atletiekspan (1970/71)

W.-Tvl. ligswaar stoeikampioen

1971: S.A. atletiekspan (Mosambiek)

S.A. skyfwerpkampioen (1971/72)

Voorsitter atletiekklub

P.U. rugby.

1972: P.U. atletiek kaptein

P.U. rugby.

(Vervolg op bl. 9)

S.S.B.

Hans Booysen

(Vervolg van bl. 8)

Om hierdie universiteit se sport te neem wat ek glo binne my bereik is, is my strewer. Ons staan op die drumpel van groot ontwikkeling en hierdie universiteit besef in sy jonkheid nie sy werklike krag nie.

Daar is vir my niks so moeilik as om te verloor wanneer ek weet dat ek kan wen nie. Dit is my lewensbeleid en dit is waarom ek, nie net vir my eie belang nie, maar ook vir my universiteit se belang wil wen.

■ Laat bekwaamheid en verdienste u lei.

Dries Coetzer

1969 — B.Comm.



Triena Roestorf

1969 B.Sc. — U.O.D.

1969: P.U. Eerste netbalspan Wes-Transvaal A-span
1970: P.U. Netbalklub: bestuur P.U. Eerste Netbalspan Wes-Transvaal A-span S.A.U. B-span
1971: P.U. Netbalklub: kapteine S.S.B.: Sekretarisess Huiskomitee: Karlien P.U. Eerste Netbalspan Wes-Transvaal A-span S.A.U. B-span
1972: P.U. Netbalklub: kapteine S.S.B.: Sekretarisess Huiskomitee: Karlien P.U. Eerste Netbalspan S.A.U. B-span

Met die steeds groter wordende karakter van die P.U. vir CHO neem sport 'n baie belangrike plek in in die uitdaging van die Universiteit se naam na buite. Om die Universiteit se Christelike Nasionale karakter ook op sportgebied uit te leef, behoort elke sportman en -vrou se ideaal te wees, en vir my sal dit 'n voorreg wees om na die beste van my vermoë hierdie ideaal te probeer verwesenlik.

■ Volledige uitslag dieselfde aand op die massavergadering.

Andries Krogmann

B.A. II

1971: Sportman van die jaar. Dubbele Springbokkleure in atletiek en landloop.

1972: SSB (Landloopkaptein), Voorster van landloopklub Wes-Transvaalse landloopbestuur Wes-Transvaalse Atletiekafrigtersvereniging.

Die afgelope twee jaar het die P.U. vir CHO 'n geweldige groot rol gespeel in my sportloopbaan. Daarom voel ek dit my plig en voorreg om my beskeie deel by te dra om sport aan hierdie instelling te bevorder.



■ Kom bring u stem uit.

Konkie van der Walt

Kyk by S.A.B.

Jessica Knoetze

1970 B.A. MW III

1970: Atletiekorganiseerder — Karlien
1971: SSB-bestuur Landloopkapteine Wapadredaksie
1972: Karnavalkomitee Wapadredaksie ASB waarnemster
1973: Kuestareëlingskomitee Karnavalkomitee.

Dit sal vir my 'n besondere voorreg wees om te dien op die Studenteraad van die Puk. Ek sal eerstens poog om intern diens te lewer aan die studente op sosiale- en sportgebied sodat aan elkeen die geleentheid gegun kan word om sy talente tot die maksimum toe, te ontwikkel. Tweedens sal ek eksterne, inter-universitêre veg om die behoudenis van die ASB, sy Christelike beginsels en ons Afrikanerskap. Ek sal my grootliks ten doel stel om die belange van die Damesstudente te behartig.

Ten alle tye sal ek op Hom vertrou wat nooit verkeerd lei nie.



■ Laat vaar koshuis-chauvinisme.



Eugene van Wyk

1970 — B.A. (Beplanning)

1970: Eerste rugbyspan, eerste krieketspan.
1971: Eerste rugbyspan, eerste krieketspan.
1972: Studenteraadvertegenwoordiger van SSB, eerste krieketspan, eerste rugbyspan.

Die sportmanne van die P.U. vir C.H.O. het baie gehelp om die universiteit sy bekendheid te laat verwerf.


Gesien in die lig, tesame met die baie probleme wat sportmanne het is dit niks minder as reg dat hierdie persone erkenning kry asook goeie fasiliteite nie.

Ek sal daarom altyd pleit dat die sportmanne voldoende erkenning kry waaronder natuurlik ook beter fasiliteite sorteer, veral vir die jonger en kleiner sportsoorte.

■ Moenie dink 'n dame is minder bekwaam as 'n man nie.

Jacques Verster

Kyk by S.R. — voorsitter kandidate.



Willie von Willich

1965 B. Jur. ET ART. III

1971/72: Tafeltennisklub (penningmeester) S.S.B.
1972/73 Skaakklub (sekretaris) A.B.K.K.

Ek was voorheen ingeskryf by 'n ander universiteit. Ek het al by elke universiteit in die land en ook by sommige oorsee aangedoen. My gevolgtrekking: die Puk is bo, sommer vër bo.

Die Puk is 'n relatiewe klein universiteit. Dit maak dit moontlik om 'n baie groot mate van skakeling tussen alle groepe op die kampus te bewerkstellig. Ek stel dit my ten doel om die samehorigheid, gees, en beginselvastheid wat die Puk reeds so vër laat uitstaan, te kultiveer en uit te bou.

Op inter-universitêre vlak gee die Puk reeds 'n geruime tyd die pas aan. 'n Puk is voorsitter van die ASB, en so hoort dit ook. Die Afrikaner moet sy nalatenskap bewaar, en as dit nodig is, veg daarvoor. Terwyl ons ons identiteit gestand doen, moet ons egter ook kontak met ander groepe bewerkstellig. Ons moet ons waardes en beginsels aan hulle openbaar en die naam van die P.U. vir C.H.O. verder uitdra.

Cum Animo besoek Caritas

Op 18 Augustus het Caritas, vereniging vir Maatskaplike werk-studente op die Puk, besoek ontvang van om en by 50 maatskaplike werkstudente van Tuks.

Hulle vereniging, Cum Animo, het met Caritas geskakerel oor 'n moontlike besoek aan Loopspruitskool en Witrandinrigting.

Nagenoeg 20 Caritas-lede het die Tukkie dan ook vergesel. Die oggend is Loopspruitskool vir gedragsmoelike kinders besoek en die namiddag Witrand. Cum Animo het saam met die bestuur van Caritas middagete geniet in Heide se ontspanningsaal; gereël deur ons geselligheidskomitee.

Die Tukkie het die besoeke baie geniet en geweldig interessant gevind. Hulle soek nou beter kontak met die Puk.

Alle foto's op hierdie bladsy deur FOTOKUNS



Koos en Ockie neem afskeid na drie jaar.

WAT IS DIE HELFTE VAN TWEE-EN-DERTIG?

DIE antwoord lê in die ondersteuning van 'n begeesterde P.U.K.-massa. Nie eers 'n Intervarsity-uitslag het invloed op die Pukke se sportmangees nie. Dit is die oortuigende getuigenis van twee dirigente wat reeds drie jaar die barometer was van lief en leed, vreugde en 'n telling betreffende skrikkeljaar.

In omstandighede soos intervarsity blyk die gehalte en agtergrond van elkeen wat deel aan spanning en opgewondenheid. Pukke, ons het onself gehandhaaf, ons vorming kan selfs die verandering van die pers weerstaan.

Selfs in ontspanning is ons trotse Pukke wat die

eer kon wegdra.

Lank lewe ons wese in en om ons eie Alma Mater.

Hartlike dank vir u samewerking Pukke!

Hiermee groet ons u en bedank u vir 3 aangename jare van samewerking.

Intervarsitygroete,

OCKIE en KOOS.

SIEN EUROPA GOEDKOOP

Gedurende die Julie-vakansie volgende jaar word daar 'n Europese toer gereël vir Puk- en Pote-studente. Die toer se koste is die laagste moontlike bedrag, slegs R150 tot R200. Dit is goedkoper as enige soortgelyke wintertoer in Europa.

Die toer vind gedurende die somermaande plaas, dus is daar meer tyd om plekke te besoek. Addisionele toere kan na plekke georganiseer word wat gewoonlik gedurende die winter gesluit is. Klem word gelê op meer intensiewe besigtiging en so

min as moontlik lang uitputtende busritte.

Die prys van die toer sluit verblyf in goeie hotelle in, vervoer per bus en etes. Die toer sal 30 dae duur.

Die toer sien soos volg daar uit:

Londen (3 dae); Engeland (4 dae); Amsterdam (1 dag); Die Rynvallei (1½ dag); Heidelberg (1); München (1); Oberammergau, Menschwanden (1); Innsbruck (1); Venesië (1); Florence (1); Rome (1); Lucerne (1); Parys (1).

Indien verdere besonderhede verlang word kan die volgende persone gekontak word: Harry van der Walt, Potch Reisburo, Tel. 5074; Jo Fourie, Dept. Chemie, Tel. 3361 uitbr. 272.

Deur my lens

Reflektor

INTERVARSITY

Hoewel intervarsity verby is, is dit miskien tog nodig om 'n oomblik stil te staan om retrospeksie te hou. Oor die uitslag van die wedstryd is daar niks te sê nie; soos egter in die vorige rubriek gestel hang alles nie daarvan af nie.

'n Sprekende voorbeeld van die goeie gees wat onder die Pukke geheers het is die feit dat ons, selfs nadat 'n oorwinning reeds onmoontlik geblyk het steeds bly sing het.

En dan het Koos en Ockie weer, soos reeds tradisie geword het, die patetiese twee Kovsies heeltemal in hul sakke gehad. Vroeër vanjaar was die land se dagblaaie vol oor die Kovsierektor en onder andere langhaar-Kovsies. Dit laat mens wonder of die onderrassieleier 'n ingeskrewe Kovsie is.

Hierdie Kovsies praat van spoedposbriewe waarin hulle 'n dag of wat voor intervarsity hul reëlings wil tref. Ons verstaan dat UKOVS so 'n jaar of twintig gelede al UOVS geword het. (Ek het lankal gedink ons moet hulle Ovsies noem: dit pas hulle beter). Nou kan mens maar net hoop hulle kry binne die volgende twee en twintig jaar 'n telefoon. Of miskien moet iemand hulle in die oor fluister van die diens wat die poskantoor al 'n paar jaar lewer deur telegramme te versend. Bloemfontein moet tog seker 'n poskantoor hê?

'N AFSKEIDSWOORD

Hierdie is my laaste woord aan u. Ek moet dus van die geleentheid gebruik maak om my laaste sê te sê. Ek wil vir u dankie sê vir 'n geduldige en simpatieke oor.

Vir Kobus en sy manne (wat vanjaar relatief skotvry daarvan afgekom het in 'n vergelyking met twee jaar gelede) wil ek gelukwens met die waardige wyse waarop hulle vanjaar die Puk-wa gesleep het. U kan verseker wees van 'n kritiese oog van hierdie kant af. Selfs indien ek na 'n klip sou wou soek om na u kant te gooi, sou dit moeilik te vind wees.

Ek lig my reflektoriese pen in 'n laaste groet!



Johan Preller het vanjaar die rubriek Deur My Lens behartig. (Fotokuns)

PUK OORSEE

Elizabeth Steyn, 'n B.A. Honns-student in Frans, vertrek eersdaags na Frankryk vir studie. Gewoonlik word dit van studente in hierdie kursus verwag om ongeveer drie maande in 'n Franse land te woon.

Elizabeth het 'n studiebeurs van die Franse Regering ontvang vir 9 maande studie in die land. Sy sal gedurende die tyd twee diploma-kursusse volg aan die Montpellier Universiteit.

Daarna kom sy terug vir haar Honns-eksamen hier aan die P. U.

OOR DIE ONDERDEUR

Nou ja,

Hiërmee neem ek van julle afskeid. Dit was heerlik om te leer, te gesels en 'n nuus-kierige Agie te wees. Aan almal uit die onderskeie koshuise wat my bygestaan het, baie dankie. Ek waardeer dit baie.

Ek hoop julle liefde sal groei, sal mooi wees, sal standhou en dat julle almal baie gelukkig sal wees, veral die wat gaan trou... DIE WAPAD se beste wense vergesel julle.

Sterkte met die eindeksamen.

Julle bewee Agie. (alias Jessica Knoetze).



JESSICA KNOETZE

(Fotokuns)

Aspu-konferensie by U.O.V.S.

Die tweede Afrikaanse Studente Persunie - konferensie hierdie jaar vind op 15 en 16 September plaas

met die Kovsies as die gasheer en wel op hulle eie kampus.

Dit belooft werklik om 'n interessante program te wees. Vrydagmiddag die 15de hou mnr. Das Herbst, hoof van die Departement Perswetenskap, 'n lesing oor die onderwerp „Die Studentekoerant en die Studentepolitiek.” Dit word opgevolg deur 'n Kaas- en Wyngeselligheid daardie aand.

Saterdagoggend kom mnr. Herman le Roux, Sportredakteur van „Die Volksblad,” aan die beurt met sy referaat oor „Die rol wat die sportredaksie by 'n koerant speel en die invloed wat televisie in die toekoms daarop kan uitoefen.”

Verdere tyd gaan aan Aspu- aangeleenthede asook die verkiesing van 'n nuwe bestuur vir volgende jaar.

Pukke het die afgelope jaar beslis 'n leidende rol gespeel in Aspu. As voorsitter het ons vir Dawie Swanepoel daar gehad. Die volgende Pukke sal die Wapad op die komende konferensie verteenwoordig: Dave van der Walt (leier), Bertus van Niekerk, Ronel Schönfeldt, Jessica Knoetze, Petro Harmse.

Ook die volgende gaan as waarnemers saam: Danie Kotze en Ester Rumpff.

OP DIE KOSHUISFRONT

HEIDE

Julle vra hoekom ons so stil is? Ag, maar almal ken ons mos. Ons HEIDE-asters hou nie daarvan om so met onself te loop en spog nie. Om die waarheid te sê is dit

nie nodig nie. Die oulikste asters bly tog in HEIDE en meer nog die oulikste ouens sleep daar.

Het julle al ons nuwe HEIDE-hempie gesien met sy reuse pienk skoelapper? Almal in HEIDE is dol daar-

oor. Julle moet sien hoe gaan ons nou mal. Intervarsity was groot! Was dit dan nie die ywerige dames van HEIDE wat die saal op so 'n oorspronklike manier getooi het nie.

Nou lê nog net die „swaar,” voor, maar HEIDE maak van „swot”-tyd 'n heerlike plesier (vra maar die „Heidinne”).

Ons wil vir al ons HEIDE-asters sterkte toewens en baie dankie vir al jul samewerking gedurende die jaar.

Ons asters het goed gevaar op sportgebied — die tenniskampioene is 'n eerstejaar van HEIDE, en wat van ons hokkie wat oor almal geseëvier het! Maar HEIDE-asters hou hulle ook besig met die kulturele dinge. Vra vir Amanda en Elsa oor Thalia en Hanlie en Retha hou van Alabama; en Hanlie Bosman maak graag plate.

Mooi, hou so aan julle!

GATLAND

Met die plesiere van die jaar agter die rug, raak dit selfs hier ook stiller en word daar tot laat snags voor die boeke gedroom — die Gatlanders byt vas, veral die finalejaars.

Buiten laasgenoemde sal Jorrie ook nie meer volgende jaar met ons wees nie, daar hy nou die geleedere van die hoër sosio-ekonomiese groep betree.

Dit uitbreek na Kovsieland was besonder vrugbaar. Onder die bekwame leiding van Dries, is daar voor die Geologiegebou op die Kovsiekampus gekampe. Vir dae het hulle geleef op outydse soetkoekies en gemmerbier.

Lou se ware self het na vore gekom in die voorwedstryd. Sy naam verskyn nou glo derde op die wêreldranglys, onder die swaarge-wigte.

Aan die manne wat aan die einde van die jaar in die huwelik tree wens ons sterkte en reënweer toe. Dankie vir die brawe voorbeeld wat julle aan Dolf stel. Hy volg julle binnekort. Ab Cavo, Ad Cavum.

KLAWERHOF

Klawerhof „vervul toe hul roeping” en bou saam met Uitspan 'n tarentaal vir ons nuwe „president.” Sonder dat ons in kennis gestel is van enige resies, gryp ons eerstejaars minute voor die tyd 'n klompie fietse en wen! Dankie, julle het dit weer gedoen!

Klawerhof se hokkiespan het sonder veel moeite sy wenweg oop „geboelie,” en die liga is ons s'n. Intervarsity sluit hulle 'n Cassius Clay in en loop 'n nederlaag mis.

Onse eie Em was „sjampanje-nooi,” en nou sal ons maar drink op die drukke akademie.

U kan gerus u bande versool by...

GOLDEN WEST RETREADERS

'N VOLLEDIGE BANEDIENS ONDER EEN DAK!

Groot voorraad

★ NUWE en VERSOOLDE bande

Versoling nou ook verkrygbaar in die GOODYEAR G 800 loopvlak

★ Nuuts'e 'oestel vir WIELSPORING en -BALANSERING

LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM

Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)

ELSIE BALLOT-STUDIEBEURSE

Aansoeke om die bogenoemde studiebeurse vir die tydperk wat in die jaar 1973 begin, kan nou ingedien word.

Die bepalinge en voorwaardes is soos volg:

Die studiebeurse bedra elk R2 650,00 per jaar en word slegs toegeken vir studie aan die Universiteit van Cambridge vir 'n tydperk van twee jaar wat moontlik tot drie jaar verleng kan word.

Kandidate moet Suid-Afrikaans gebore blanke mans wees wat op 1 Oktober 1973 tussen 19 en 25 jaar oud sal wees, albei ouderdomme ingesluit. Die maksimum ouderdom sal verleng word met die tydperk van ononderbroke militêre opleiding wat 'n kandidaat ondergaan het.

Kandidate moet verkieslik na-matrikulasie- of universiteitstudie van minstens 18 maande voltooi het teen 31 Desember 1972

Aansoeke moet die sekretaris voor 15 November bereik.

Verdere besonderhede en aansoekvorms kan verkry word van Die Sekretaris, Elsie Ballot-Studiebeursfonds, Posbus 1365, Pretoria.

KOLLEGE DIENSSENTRUM

H/v. Von Wielligh- en Presidentstraat. Tel. 5800

★

VIR CITROEN EN RENAULT

★

Groot voorraad uitgesoekte, gebruikte motors. Volledige verkope, onderdele en herstelwerk vir alle motors.

★

ONS SPESIALISEER IN CITROEN EN RENAULT

Potch. Inry

Maan. 4 en Dins. 5 om 7 nm:
Vry. 8 en Sat. 9 om 9 nm:
EYE WITNESS
Mark Lester, Susan George.
(2-16)

Woens. 6 en Don. 7 om 7 nm:
Vry. 8 en Sat. 9 om 6.45 nm:

DEAD FOR A DOLLAR
George Hilton, Sandra Milo.

Maan. 11, Dins. 12 om 7 nm:
Vry. 15, Sat. 16 om 9 nm:
THERE WAS A CROOKED MAN
Kirk Douglas, Henry Fonda.

Woens. 13 en Don. 14 om 7 nm:
Vry. 15 en Sat. 16 om 6.45 nm:

THE SOLDIER WHO DECLARED
Darren McGavin.

Goue Weste

Maan. 4 en Dins. 5 om 7 nm:
Vry. 8 en Sat. 9 om 6.45 nm:

EAGLES OVER LONDON
Frederich Stafford, Van Johnson.

Woens. 6 en Don. 7 om 7 nm:

Vry. 8 en Sat. 9 om 9 nm:
ONE HUNDRED YEARS OF THE FOLIES BERGERE
Ivan Rebhoff, Jean Paradis.
(4-18).

Maan. 11 en Dins. 12 om 7 nm:
Vry. 15 en Sat. 16 om 6.45 nm:

A NEW LEAF
Walter Matthau, Elaine May.

Woens. 13 en Don. 14 om 7 nm:

Vry. 15 en Sat. 16 om 9 nm:

RUN ANGEL RUN
William Smith, Valerie Starrett.
(4-18).

HUIS en TUIN

Vir al u Student behoeftes.



Tel. 4641



U KEN ONS

A. VORSTER APTEEK

(Frans Nel, B.Sc.Farm.)



Octron-gebou
Lombardstraat



VIR VINNIGE
AFLEWERING

SKAKEL 7074

20th Century

Maan. 4 — Dins. 5:
M.A.S.H.
Donald Sutherland, Elliot Gould.
(4-18)

Woens. 6 — Sat. 9:
LITTLE BIG MAN
Dustin Hoffman, Faye Dunaway.
(4-16).

Maan. 11 — Dins. 12:
HORNETS NEST
Rock Hudson, Sylva Koscina.
(4-12)

Woens. 13 — Sat. 16:
NEVER GIVE AN INCH
Paul Newman, Henry Fonda, Lee Remick.

LET WEL: Donderdag 14, Teater uitverkoop.



Jim van Rensburg het tydens die „Groot Brag“ op sy gewone geesdriftige wyse die Puk-mas-sa toegesprek.

(Fotokuns)



Dit is wat Pukke met lastige Kovsies maak. Hierdie klomp skakers se stertvere is gou-gou gepluk.

(Fotokuns)

PUKKE DRAF KOVSIES KAF

SOOS in die vorige uitgawe van Die Wapad voorspel is, het die Puk se landloopspan weer skoonkip gemaak op die Intervarsity.

Net soos met die afgelope twee intervarsities het die hele Puk-span hand-aan-hand oor die wenstreek gedraf. Hierdie keer was daar sewe Pukke oor die wenstreek en kort op hulle hakke wag een om die 9de plek te vul.

Die sewe Pukke was: Johan Kruger, Andries Krogman, Dirk Schoeman, Dawie Gildenhuys, Bernard Rose, Dawie Tadewyck en Piet van der Walt. Hulle wentyd was 29 min. 30 sek. Twee minute na hulle het die eerste Kovsie, L. Posthumus, sy verskyning gemaak met Soois Schutte kort op sy hakke in die 9de plek. Die eerste 7 deelnemers het getel en die Pukke wen met 28 punte teenoor die 83 punte van die Kovsies.

Die dameswedloop is gewen deur Henra Adendorf van die Kovsies met Bea Marais in die tweede plek. Kort op hulle hakke het Hester Venter, Ignasia Bester, Rina Joubert en Hilda Liebenberg klaargemaak om

te sorg dat die Kovsies wen met slegs 'n skrale 14 punte teenoor die 22 van die Puk-dames.

Byna al die Pukke wie se name hier genoem is, is ingesluit in die Wes-Transvaalse span wat oor die langnaweek aan die Suid-Afrikaanse kampioenskap in Johannesburg deelneem.

Bernard Rose behoort 'n baie goeie plek in die junior nommer te behaal en daar behoort minstens twee Pukke onder die eerste 9 in die senior nommer te wees. Ons wens die manne alles van die beste toe.

In die damesitem behoort veral Hester Venter 'n baie goeie prestasie te lewer. Sterkte!!

HEMPIES

Koshuiehempies het nou mode geword! Daar is feitlik nie meer 'n koshuis op die Puk wat nie 'n eie hempie het nie. Dis mooi so — laat ons trots wees op ons koshuis en by die sport- en koshuisaktiwiteite vir almal wys waar ons bly.

Satire in Totiussaal

VERKIESING SONDER POLITIEK wat vanaf 2-9 September om 8.15 in die Totiussaal aangebied word, belooft 'n heerlike aand van ontspanning te wees.

Die hele gesin is welkom vanaf die jongste spruit in die gesin tot skoonma wat onverwags opgedaag het en vermaak behoort te word.

Daar word ligtelik die draak gestee met die politiek en rugby in Suid-Afrika. Eléne Brand vind die plaaslewe, wat haar man vir sy gesin beplan het na jare se stadslewe, baie saai.

Boonop beskou sy die plaasbure, die Viviers's glad nie as haar klas mense nie en aan Tol Viviers walg sy. Sy besluit om haar tot die politiek te wend en stel haar vir die parlement verkiesbaar. Tol Viviers, onbewus van Eléne se besluit, beskou homself ook as 'n moontlike parlamentslid en stel hom ook verkiesbaar in dié tussenverkiesing.

Eléne Brand besluit dat haar man haar sake sal behartig, maar Tol mag nie daarvan weet nie. Tol neem natuurlik dieselfde besluit. En hier begin die ontwikkeling van die snaakste situasies wat u sal laat kraai van die lag.

AJAX

Kerkstraat 159
Foon 6175



BOEKE



SKRYFBEHOEFTE

INTERVARSITY-UITSLAE

RUGBY

P. G. D. (A) 10, Malherbe (A) 16.

Over de Voor (A) 22, Reitz (A) 13.

P.U. onder 20 (B) 7, Vishuis (A) 10.

Liberalia (A) 9, Stad (A) 6.

Makouville (A) 12, De Wet (A) 42.

Skuur (A) 4, Verwoerd (A) 23.

Skuur (C) 7, Vishuis (B) 12.

Kompleks (B) 8, Verwoerd (B) 10.

Kompleks (A) 11, Olienhout (A) 3.

P.U. (Admin.) 12, U.V. (Admin.) 22.

Over de Voor (B) 4, Stad (B) 11.

Liberalia (B) 0, De Wet (B) 42.

Skuur (B) 12, Malherbe (B) 12.

P.G.D. (B) 7, Reitz (B) 9.

Over de Voor (C) 12, Olienhout (B) 4.

Skuur (D) 4, Stad (C) 36.

P.U. onder 20 (A) 4, U.V. onder 20 (A) 12.

P.U. (B) 13, U.V. (B) 22.

NETBAL

PU. (A) 11, U.V. (A) 13.

Heide 3, Steyn 4.

Karliën 4, Madelief 4.

Oosterhof 1, Hobhouse 8.

P.U. (C) 13, U.V. (C) 12.

P.U. (B) 7, U.V. (B) 13.

De Klerkhuis 3, Kestell 6.

Klawerhof 1, Van der Merwe 13.

GOLF

P.U. 5, U.V. 1.

HOKKIE

(Vroue)

P.U. (A) 0, U.V. (A) 5;

P.U. (B) 1, U.V. (B) 1;

Klawerhof 0, Madelief 0;

Heide 0, Emily Hobhouse 0;

Kasteel 0, Steyn 2; Karliën 0, Van der Merwe 0;

Heide (B) 0, Stad 5; Oosterhof 0, Kestell 1.

LANDLOOP

Vroue: P.U. 22, U.V. 14.

Mans: P.U. 28, U.V. 83.

TENNIS

Mans: P.U. (A) 0, U.V. (A) 7.

Vroue: P.U. (A) 6, U.V. (A) 3.

GIMNASTIEK

Vroue: P.U. tweede, U.V. eerste;

Mans: P.U. eerste, U.V. tweede;

spantotaal P. U. eerste, U.V. tweede.

Stoei: P.U. 8½, U.V. 6½.

Skaak: P.U. 3, U.V. 5.

Judo: P.U. 37, U.V. 30.

Skerm: vroue, floret, P.U. 9, U.V. 0;

mans, floret, P.U. 7, U.V. 2;

degen, P.U. 7, U.V. 2;

sabel, P.U. 6, U.V. 3;

Pluimbal: P.U. (A) 1, U.V. (A) 12;

P.U. (B) 2, U.V. (B) 11.

Tafeltennis: mans — P.U. (A) 2, U.V. (A) 9;

P.U. (B) 4, U.V. (B) 7;

vroue — P.U. (A) 4, U.V. (A) 7.

Muurbal: mans — P.U. 2, U.V. 3;

vroue — P.U. 1, U.V. 3.

LINDEQUE'S

Lombardstraat 64, Telefoon 4854.

SKOENREPARASIES
EN LEERWERKE



Spesiale pryse aan
Studente.



Depots:
Bult Droogskoonmakers en
Wesvaal Wassery.



Vriendelike bediening van 'n
mede-Afrikaner by . . .

BAILIEPARK PADKAFEE

(Langs die Johannesburgpad geleë)

GOEIE KOS!

FLINKE DIENS!

U tevredenheid is ons

PLESIER!

Ons onderneem ook bestellings

aan koshuise tot baie laat

in die nag na koshuisvergaderings

TEL. 6670

PUK VERLOOR TEEN KOVSIES

(Deur SPORT-ENTOESIAS)

DIE Puk, wat die afgelope vier jaar onoorwonne was, het toe Saterdag slaie gekry teen Kovsies. In 'n harde en mooi wedstryd, wat ietwat deur vuil spel ontsier was, het die Kovsies die Puk met 32 teen 16 geklop. Vir die meeste Pukke was dit die eerste keer wat hulle 'n Intervarsity verloor het. Die Puk het nie verloor omdat hy sleg gespeel het nie. Die manne het met mening ingeklim en hulle beste wedstryd van die seisoen gespeel. Die Kovsies was egter vanjaar beter as die Puk en hulle het hulle oorwinning verdien.

Die Kovsies se samespel en afronding was baie goed gewees en veral hulle agterlyn was baie gevaarlik. Hul samespel tussen voor- en agterspelers was ook baie goed gewees. Die Puk hoef nie sleg te voel oor hulle nederlaag nie, want dit was nog nooit 'n skande om teen 'n goeie span te verloor nie.

Losskrums

Die Puk het van die begin af swaar gekry. Toe die Kovsies vroeg in die wedstryd die losskrums so vinnig bemeester het en boonop twee vinnige drieë gekry het het dinge al begin sleg lyk vir die Puk. Die Pukke het egter die meeste lynstane gewen, asook die vaskopstryd met 3—2.

Die manne het nooit gaan lê nie. Toe hulle halftyd reeds 20—7 agter was, het dit nog gelyk of die Pukke die knoop kan deurhaak. Selfs toe alles verlore was vir die Puk, het hulle nogtans elke geleentheid gebruik om aan te val.

Die Puk se agterlyn het baie goed verdedig, maar hulle kon net nie al die gate toestop nie. Dit was dan veral die Kovsies se agterlyn wat hulle die meeste probleme gegee het. Daarby het Joggie Jansen op losskaakel

die Pukke telkens met lang en goeie skoppe ver teruggedryf.

Beste

Joggie Jansen, Pikkie du Toit, Jan Schlebusch en Basie Verster was die uitblinkers aan Kovsie-kant. Om aan die Puk-kant spelers uit te sonder, is 'n onbegonne taak en dit is ook nie regverdig nie, aangesien al vyftien hulle beste spel gelewer het en baie goed gespeel het.

Die Pukke se O'20 en 2e spanne het ook verloor. Van hulle kan dieselfde gesê word, naamlik dat hulle nie hulle wedstryde met swak spel verloor het nie. Veral die tweede span het baie mooi spel opgelewer.

Koshuise

Die koshuisspanne het vanjaar beter vertoon as in die verlede. Drie spanne, naamlik Over de Voor, Kompleks en Liberalia het hulle wedstryde gewen. Over de Voor het in 'n baie harde en mooi wedstryd pragtige spel gelewer. P.G.D. was baie ongelukkig om nie te wen nie. 'n Strafdrie tien tree links van die pale het die uitslag teen hulle laat draai. Ook die ander koshuise het baie mooi gespeel.



(Fotokuns)

EERSTE RUGBYSPAN

So lyk die manne wat die Puk se naam onder moeilike omstandighede in Bloemfontein hoog gehou het.

VOOR: Riaan Lotz, Frans Kruger, Spottie de Waal, Jim van Rensburg (kaptein), Capie van der Merwe en Dries Coetzer.

AGTER: Willie de Bruyn, Eugene van Wyk, Piet Brand, Johan Laubsher, Shoe Schutte, James Stoffberg, Christo Holtzhausen (afrigter), Neil Cawood, Schalk van der Merwe en Bernard Bernardo.

Over de Voor maak Skoonskip



(Fotokuns)

OVER DE VOOR-RUGBYSPAN

Die eerste span van Over de Voor wat vanjaar die Koshuisliga gewen het. Hulle is:

VOOR: Wallie van der Walt, Koos Bischoff (afrigter), Carel van Heerden (kaptein), Danie Oosthuizen, Eric Louw (klubkaptein), Kierie de Jager.

MIDDEL: Oswald van Niekerk, Smuts van der Nest, Chris Kuuns, Hannes Meyburgh, Dawid Booysen, Chris Dreyer, Hannes Verwey, Harry Hechter, Maans van Zyl, Ian Smith.

AGTER: Piet Mulder, Tom van der Wath, Hennie Saayman, Isak Pieterse, Johan Kriek, Jack Fourie, Attie Uys, Johan van Tonder, Lourens Kruger.

IN die titaniese koshuisliga-rugby van vanjaar, maak Over de Voor geskiedenis. Nie alleen tree Over de Voor vir die tweede agtereenvolgende jaar as weners uit die stryd nie, maar wen ook die 2e en 3e liga in vanjaar se rugby.

Gesien in die lig van die feit dat Over de Voor vanjaar 35 spelers met sukses in sy 1e span gebruik het en oor 2e span spelers beskik waarin groot potensiaal lê, sowel as 16 spelers wat die Puk verteenwoordig het, dien as duidelike bewys dat die room van die rugbyspelers van die toekoms in Over de Voor geleë is.

Hierdie span van Over de Voor het vroeg al met sy segetog begin deur 'n gekombineerde R.A.U.-span, wat met provinsiale spelers gespog het, te klop. Verder gaan Over de Voor voort en lewer op Intervarsity die beste wedstryd van die dag deur Reitz met 22—13 te klop. Vir hierdie vertoning verdien Over de Voor die nodige erkenning, want die wyse waarop hulle gewoel het om die wedstryd te wen, kan moeilik beskryf word.

Die spanne van Over de Voor het die volgende totale aangeteken:

1e span — 147 punte (vir) en 57 punte (teen).

2e span — 208 punte (vir) en 30 punte (teen).

3e span — 182 punte (vir) en 56 punte (teen).

Die bogenoemde statistiek toon duidelik aan dat Over de Voor vanjaar sodanig die septeer geswaai het, dat hy slegs een wedstryd verloor

het. Desnieteenstaande die genoemde feite, is hierdie grootse en moedige span van Over de Voor met sy voortrefflike sportmangees die stiefkind van die kampus.

Al Over de Voor se prestasies sou haas ondenkbaar gewees het sonder 'n besielde kaptein soos Carel van Heerden, wat ook in elke wedstryd soos 'n trojaan gespeel het.

Die manne van Over de Voor wens hulle dank uit te spreek teenoor die klubkaptein Eric Louw, die afrigter Koos Bischoff en die manne uit Over de Voor wat hulle spelers geesdriftig ondersteun het.

OOSTERHOF

Oosterhofse dames het die pen aktief opgeneem. Die gevolg: 'n eie koshuisblad, wat eersdaags verskyn.

So eie aan hul koshuis is hierdie blad ook eg vroulik. Die inhoud is dus daarop ingestel om elke dame se smaak te bevredig (mans is natuurlik ook welkom om dit te lees) modes en skoonheid (met verslanking heel vooraan) verhale en gedigte wenke en skindernuus — die eerste uitgawe se gesiggie loer al om die draai.